en nou is ek nie meer bang nie
nou is ek BLY

as jou Hoop op die laagste is
al wat jy nog het, is jou brose lewe
dan het jy Jesus nodig

help nie mense sê jy het nog baie om oor dankbaar te wees
en ander mense se situasie is veel erger, Jesus help,
net Jesus, wanneer jy niks rede meer het nie, en alles verval
het, wat jy gedink het, en gedink het hoe dinge sal wees

hoef Jesus net op te daag
net dit
en alles verander

:21
"Vrede sê Hy weer vir hulle"

1 + 1 = 2
Jesus + julle = VREDE.

Vrede vir julle
in die wêreld sal julle dit moeilik hê
My vrede gee ek julle.
Johannes 17: 15
Jesus bid: "Vader
ek bid nie dat U hulle uit die wêreld sal wegvat nie
maar dat U hulle sal bewaar" amen.

VREES STEEL HOOP

Johannes 20

Daar is niks wat hoop steel
uitblus
sommer net laat padgee
soos wanneer jy bang is, VREES lê jou lam,
dit kan almal oorkom, dit kom die dissipels oor
ons lees in ons teks daarvan in Johannes 20
daarvan : 19, die aand, 1e aanddiens

Hulle sluit die deure
hulle hou die reg van toegang voor
die reg wat hulle hulle toegang sluit = VREES
net 1 karakter is binne welkom, dit is die reg tot toegang
= vrees
net vreesbevange mense
bang mense
angstige mense
hooplose mense

toegelaat

moedeloos
nie meer kans sien nie
en wonder of dit nie alles verskriklik is nie
hulle is die 1e aand saam
en dan daag iemand daar op
die deur is gesluit
maar Hy daag op
1 persoon wat nie verstaan dat die plek vir vreesagtiges is
Sy Naam is: Jesus.

Hy stap deur die muur

hoe anders, die deur is gesluit

die 1e ding wat Hy vir hulle sê: "Vrede vir julle"

dalk was dit nie die 1e ding wat Jesus gedoen het nie
ek was nie daar nie
maar die Jode se gewoonte was, as hulle mekaar ontmoet
is om die Regterhand op te lig
om te wys my hand is oop
die hand wat die mes vashou, is leef
ek is veilig
steek die hand in die lig en sê: SHALOM
VREDE.

Dis Jesus
kom aan
oop hand
ongewapen
ongevaarlik

kom na sy mense wat vrees ken
moedelose mense
drome verpletter
so anders as hulle gedink het dit sal wees
bang
geskok dalk

en die 1e ding wat Jesus sê is: "VREDE"
vir julle

Jesus daag op

en in 1 oomblik verskuif VREES na VREUGDE
niemand hoef te preek nie
geen terapie nie

as Jesus opdaag
Hy het net 1 ding, dit is seën
gerusstellende groet
vrede
"Jesus is ons vrede"

dis waarop hierdie kerk gebou is
dit staan op ons kerk se hoeksteen
"Jesus is ons vrede..."

dis hoe ons HOOP werk
ons is nie dof nie
ons kan almal dink wat die risikos is
ons is nie positief nie
ons is geskuif, van VREES na HOOP, omdat JESUS
ONS
VREDE
IS.

Op Sondagaand
is die preek kort
dis net VREDE, hand in die lug
VREDE...

jy kyk na die Here
kyk Hom in Sy oë
aangesig tot aangesig
sien Sy hande
en weet, alles verander nou
ek was bang
toe sien ek Jesus